

24 April

Skrifgedeelte: Markus 12:35-44 (OAV)

Trots en selfsug: die einde van die tempeldiens

Na hulle aanslag op Hom gaan Jesus nou self oor tot die aanval en ontmasker die godsdiensteleiers en die volk se diens. In hulle weiering om Hom as Here te erken, wys hulle hulleself aan as verdraaiers van die Skrif. Dawid noem mos self in Psalm 110 die Een wat uit sy nageslag kom, Here! Die oorsaak van hulle dwaling is trots en selfverheffing. Hierdie leierskap deur blinde leiers het reeds bitter vrugte onder die volk tot gevolg gehad.

Wanneer Jesus die twee munte van die arm weduwee sien, (een-vier-en-sestigste van 'n dagloon) is sy oordeel daarvoor ingrypend anders as die van die omstanders. Haar gawe, sê Hy, is meer werd as die somtotaal van alle bydraes wat die volk gegee het. Trouens, die tempelkapitaal is waardeloos. Waarom? Omdat almal uit oorfloed gee terwyl 'n weduwee ander hulle in gebrek leef. Haar totale lewensonderhoud is 'n breukdeel van die loon vir 'n dag se werk. En nou maak haar teenwoordigheid onder die volk al die ander gawes waardeloos. Daarmee veroordeel Jesus die tempeldiens van die volk. Sy oordeel is: dis waardeloos, ydel en vergeefs, omdat julle julle naaste nie liefhet nie. 'n Duidelike bewys: as daar verrotting by die leierskorps is, dan bly die volk nie daarvan gespaar nie.

Wat sê hierdie les vir ons? Dat ook ons gawes aan God bepaal word deur die voorspoed of tekort van ons naaste. As ek weet van gebrek by ander en nie hulp verleen nie, is selfs my grootste dankoffer waardeloos. En as jy 'n voorganger is na wie ander opsien, dan is die verantwoordelikheid teenoor jou naaste soveel groter. Begin vandag met God se genade om daardie verantwoordelikheid na te kom.

Sing: Psalm 18:12

Ds BC Smit (Brits-Wes)